1. Jesus se geboorte

Matteus 1:1-25

VERWELKOMING: **5 MIN**

YSBREKER: **20 MIN**

- In watter dorp is jy gebore? In watter opsig verskil dit nou van toe jy gebore is?
- Wat weet jy van jou voorgeslagte? (Bv. Hoe lank is julle is Suid-Afrika? Is daar iemand bekend in jou voorgeslagte? Van waar kom julle?)

AANBIDDING: **5 MIN**

Die Verklarende Afrikaanse Woordeboek verklaar aanbidding as volg:

aanbid´ding. 1. Verering van God. 2. Bewondering.

Bespreek met mekaar die verskillende maniere waarop julle God kan vereer of bewonder.

BYBELSTUDIE: **35 MIN**

Lees Matteus 1:1-25. Laat elkeen in die groep twee verse hardop lees.

- Laat elkeen sê wat hom/haar in hierdie gedeelte getref het.
- Jode het nooit vroue in hul voorgeslagte genoem nie. Waarom word die vroue in Jesus se voorgeslag genoem? Wat weet julle van hierdie vroue? (Tamar – Genesis 38:24-30; Ragab – Josua 2:1-3; Vrou van Urija – 2 Samuel 11:1-27)
- Wat wil die geslagsregister van Jesus vir ons leer?
- Wat moes Josef volgens die wet met Maria doen? (Deuteronomium 22:23, 24) Waarom doen hy dit nie?
- Maria (en Jesus) bly leef omdat Josef nie doen wat die Ou Testamentiese wet vereis nie. Het Josef sonde gedoen deur nie die Ou Testamentiese wet te gehoorsaam nie? Leef Jesus omdat Josef sonde doen? Wat beteken dit vir ons?
- Josef en Maria is verloof; dan word sy swanger; dan trou hulle skielik. Wat sou die mense gedink het? Hoe sou jy in Josef se plek gevoel het?
- Wat was Josef en Maria se verwagting oor Jesus? Wat het hulle gedink beteken Hy vir hulle lewe?
- Wat is jou verwagting van Jesus? Watter effek gaan Hy op jou lewe hê?
- Josef en Maria moet skande en verwerping beleef ter wille van Jesus. Waar moet jy dit beleef ter wille van Hom?

GETUIG: **5 MIN**

'n Getuie is iemand wat bevestig wat hy gesien of gehoor het. Watter getuienis het julle vandag gehoor?

DIENSWERK: **5 MIN**

Elke kleingroep is uniek, met unieke mense, unieke gawes, unieke geleenthede. Elke kleingroep het daarom die verantwoordelikheid om te dien:

- Mekaar
- Die gemeente
- Die wêreld

Wat kan julle doen om mekaar te dien? Watter gawes het julle (tyd, middele, kennis)? Watter nood of behoeftes is daar in julle kleingroep? Watter geleenthede het julle om mekaar te dien?

GEBEDSRIGLYN: **10 MIN**

Gebed bevat gewoonlik 5 elemente:

1. Lofprysing – om God te loof vir wie Hy is
2. Danksegging – om dankie te sê vir wat God doen
3. Skuldbelydenis – om jou skuld te bely, al is dit reeds vergewe
4. Voorbidding – bid vir ander mense
5. Smeking – om jou begeertes aan God bekend te maak

Watter een van hierdie is vir julle die maklikste? En die moeilikste? Hoekom?

Vra een persoon om julle nou in gebed voor te gaan.

ADMINISTRASIE: **5 MIN**